

Een sonnige Saterdagoggend besluit mnr. en mev. Madiswa om vir Sam en Zinzi strand toe te neem. Hulle nooi hul vriende, die Ibrahims, om saam met hulle te gaan. Hulle het heerlike, gesonde kos en waterbottels in 'n mandjie gepak. Mnr. Ibrahim het van sy spesiale pasteitjies vir almal gebak. "Trek julle hoedjies en julle skoene aan, en onthou om julle sonskerm, emmertjies en grafies saam te bring!" sê mev. Madiswa.

Die twee gesinne stap toe na die hoofstraat en mev. Ibrahim waai vir 'n taxi. Die taxi hou stil en hulle klim almal in. Die reis see toe duur só lank dat Ali vas aan die slaap raak.

By die strand sprei hulle hul handdoeke op die sagte seesand oop. "Hoekom bou ons nie 'n sandkasteel nie?" vra Sam. Die kinders begin toe met hul grafies in die sand grawe. Ali en sy pappa maak skulpe en seewiere vir versierings bymekaar. Kyk die pragtige sandkasteel wat hulle gebou het! Die kinders gebruik hul vingers om hul name langs die kasteel in die sand te skryf.

Na al daardie harde werk voel hulle warm. "Dis tyd om af te koel almal! Kom ons gaan swem," sê mnr. Ibrahim. Die water is koud maar verfrissend, en gou-gou is die vier maats besig om op en af in die golwe te spring. Zinzi en Musa tel hardop wanneer die golwe voor hulle omkrul: 1, 2, 3, 4! "Ai ... die soutwater het in my neus ingegaan," sê Ali met 'n gelag.

Mev. Ibrahim kom na die water se kant toe. "Is julle nie honger nie?" roep sy. Die kinders droog hulself af en gaan sit om piekniek te hou. Net toe

hulle begin eet, breek 'n baie groot golf naby hulle en die water stroom vinnig strand op na hulle toe. O nee! Die groot golf het hul kasteel bedek en dit weggespoel. Daar is niks van hul pragtige sandkasteel oor nie! Sam begin huil. "Toe maar, kinders. Ons kan 'n ander een bou wanneer ons weer strand toe kom," sê mnr. Madiswa.

Toe die son ondergaan, pak hulle hul emmertjies, grafies en handdoeke in hul mandjies. Hulle gee al hul rommel vir mev. Ibrahim om in die vullisblik te sit.

Hul taxi wag. Almal maak hulself gemaklik in hul sitplekke, warm van die son. Hulle kan voel hoe die seesout hul velle prikkel en die sand tussen hul tone knars. Die kinders waai totsiens vir die strand. Was dit nie 'n lekker dag nie!

**Fluit-fluit, my storie is uit!**

